# Die historiese agtergrond van die postmoderne visie op normatiwiteit en op 'n Christelike lewensvisie

B.J. van der Walt
Skool vir Filosofie
Potchefstroomkampus
Noordwes-Universiteit
POTCHEFSTROOM
E-pos: hannah@intekom.co.za

**Abstract**

**The historical background of the postmodern view on normativity and on a Christian worldview**

*Usually the criticism of Christian thinkers on postmodernism includes the notion that its representatives are normative relativists and that they furthermore do not apply relativism to their own viewpoint. Postmodernists in turn regard a Christian worldview as absolutist – a legalistic, exclusivist, marginalising and oppressive ideology. This article intends to make a small contribution to this debate. As an introduction a brief characteristic of the contemporary postmodern spirit is provided. It is indicated that the spirit of a period is determined by its conception of normativity or its idea of lawfulness. This is followed by a historical survey to trace the road which subjectivist Western thought about normativity had travelled until it reached radical relativism in postmodernism. The question is then asked whether postmodernism can really maintain its historistic relativism. As an alternative to such a viewpoint a Reformational worldview suggests the stability of God's creational ordinances. At the same time the postmodern warning that worldviews can be or become legalistic, oppressive ideologies should be taken seriously. Specific trends that may endanger a Christian worldview are therefore identified. In conclusion it is indicated how, through a careful listening to God's Word, these threads can be counteracted.*

**Opsomming**

**Die historiese agtergrond van die postmoderne visie op normatiwiteit en op 'n Christelike lewensvisie**

*Gewoonlik sluit die kritiek van Christelike denkers op die postmodernisme in dat die verteenwoordigers van hierdie stroming in normatiewe relativisme verval, maar dit nie konsekwent op hulle eie visie wil toepas nie. Omgekeerd is postmoderniste van mening dat 'n Christelike lewensvisie absolutisties is – 'n legalistiese, eksklusiwistiese, marginaliserende en onderdrukkende ideologie. Hierdie artikel wil 'n klein bydrae tot hierdie debat maak. Ter inleiding word 'n kort karakteristiek van die postmoderne gees van die kontemporêre tyd gegee. Daar word ook aangetoon dat die gees van 'n tyd veral bepaal word deur sy idee van normatiwiteit of wetmatigheid. Dit word gevolg deur 'n historiese oorsig, wat aantoon hoe die subjektiwisties-georiënteerde Westerse denke uiteindelik op die radikale normatiewe relativisme van die postmodernisme uitgeloop het. Vervolgens word die vraag gestel of die historistiese uitgangspunt van die postmodernisme werklik konsekwent gehandhaaf kan word. As alternatief op so 'n visie word die Reformatoriese lewensvisie se standpunt oor die konstantheid van God se skeppingsordeninge voorgestel. Omdat die postmodernisme se waarskuwing oor legalisme en verideologisering nie ligtelik opgeneem mag word nie, word sekere gevare geïdentifiseer wat 'n Christelike lewensvisie kan bedreig. Ter afsluiting word enkele moontlikhede geopper oor hoe sulke bedreigings deur middel van 'n fyner luister na God se Woord voorkom kan word.*

# 1. Inleiding

In hierdie besinning word gepoog om iets van die hedendaagse lewensvisie en tydsgees te verstaan en dit vanuit 'n Christelike oortuigingsraamwerk te beproef (1 Joh. 4:1).

## 1.1 'n Postmoderne tyd

Die huidige tydsgees word as "postmodernisties" aangedui. Op die debat (vgl. byvoorbeeld Coletto, 2007:16) of daar wel van 'n *post*modernistiese tyd en nie eerder van 'n *laat*modernistiese tyd gepraat moet word nie, sal nie hier ingegaan word nie. Al dié begrippe (ook *modernisme* – wat is modern?) is tot 'n groot mate relatief. Sekere lyne loop deur die geskiedenis (vgl. byvoorbeeld 3 hieronder), terwyl die hedendaagse relatiwistiese tendens tog ook radikaler is as vroeër. Gerieflikheidshalwe word die ingeburgerde term om die kontemporêre tyd te tipeer dus ook hier gebruik.

### 1.2 ’n Lewensbeskoulike benadering

Die ondersoek wat in hierdie artikel weergegee word, is meer lewensbeskoulik (dit wil sê voorwetenskaplik) as filosofies. Dit wil die lewensbeskoulike wortels van die postmodernisme ontbloot en iets probeer verstaan van die hedendaagse tydsgees of lewensgevoel wat daaruit gebore word. Hoewel ’n mens lewensvisie en filosofie nie kan skei nie, kan hulle tog onderskei word (vgl. Wolters, 1989). Nürnberger (2007:11) onderskei byvoorbeeld tussen *postmoderniteit* (die huidige lewensgevoel en kultuur) en *postmodernisme* (die filosofiese stroming). Hoewel hierdie woorde as sinonieme afwisselend gebruik gaan word, moet in gedagte gehou word dat dié artikel primêr oor die lewensbeskoulike aspekte handel.

### 1.3 Die opset

Die verkenning word in twee hoofdele verdeel: In die eerste gedeelte word vanuit ’n Christelik-Reformatoriese lewensvisie kritiek op die postmodernisme gegee. Met ’n transendentale benadering word eers die historiese wortels van die postmodernistiese subjektivisme en relativisme ontbloot. Daarna word die immanent-kritiese vraag gestel of so ’n historistiese standpunt konsekwent gehandhaaf kan word.

In die tweede plek word na die kritiek van die postmodernisme op ’n Christelike lewensvisie geluister. Dit is algemene kennis dat die postmodernisme alle omvattende sisteme – ’n Christelike lewensvisie ingesluit – as totaliserend, uitsluitend en onderdrukkend beskou. Daar sal dus ondersoek word tot hoe ’n mate ’n Christelike lewensvisie ook aan sulke gevare van verideologisering blootgestel is en hoe sulke bedreigings die hoof gebied kan word.

### 1.4 Aktualiteit

Die skrywer is van mening dat so ’n ondersoek belangrik is, omdat die postmoderne gees tans besig is om wêreldwyd duisende Christene in sy greep te kry – afgesien van die invloed wat hierdie denkwyse op akademiese gebied tot in die Christelike teologie uitoefen. Ook in Suid-Afrikaanse Christelike kringe is daar volgens hom ’n té gemaklike en onkritiese aanvaarding van hierdie hedendaagse modefilosofie en lewensvisie en té weinig pogings om dit werklik grondig vanuit ’n Christelike lewensvisie en filosofie te beproef.

## 2. Postmoderniteit en die tydsgees van ’n tyd

Eers word ’n breë tipering van die postmodernistiese filosofie en lewensvisie of tydsgees gegee om dan die vraag te stel wat die beslissende element van so ’n tydsgees is.

### 2.1 Die postmoderne filosofie

Om by die talle reeds bestaande uiteensettings hier nog ’n poging te onderneem om die postmoderne filosofie uiteen te sit, sou op “oortollige goeie werke” neerkom. Nogtans moet vooraf kortliks gesê word wat die skrywer daaronder verstaan. In die lig van onder andere Grenz (1996), Goudzwaard, *et al*. (1998) en Heyns (2002) sou ten minste die volgende ter tipering vooraf gestel kon word. Die postmodernisme is ’n sterk irrasionalisties-gekleurde reaksie op die voorafgaande modernisme of rasionalisme (van ongeveer 1600-1900). Terwyl die modernisme met die rede of wetenskap die hele werklikheid wou beheers, beskou die postmodernisme rasionele sisteme (of “groot verhale”) as totaliserend en onderdrukkend. Oor die vroeëre hooggeroemde teoretiese kennis sal die postmodernisme meestal die volgende standpunt huldig. Alle verklarings van die werklikheid is subjektiewe (lokale, historiese, relatiewe) konstruksies, wat wel nuttig mag wees, maar hulle bevat nie objektiewe waarheid nie. Dit is terselfdertyd nie vir die kenner moontlik om uit sy eie konstruksies “uit te stap” nie. Die taak van die filosoof is dus die dekonstruering van hierdie konstruksies, sisteme of groot verhale. Die postmodernis lê dus graag klem op voorlopigheid, veranderlikheid en verskeidenheid. Alle benaderings tot die werklikheid is ook ewe geldig. Algemeen geldende norme of maatstawwe is verdag (vgl. Nürnberger, 2007:12).

### 2.2 Die postmoderne lewensvisie

Van die postmodernisme in die spesifiek filosofiese betekenis, sou ’n mens die postmodernistiese lewensvisie (*postmoderniteit* genoem) kon onderskei. Grenz (1996:40) skryf: “In a sense, postmoderns have no worldview. A denial of the reality of a unified world as the object of our perception is at the heart of postmodernism.” Hy is reg as hy sê dat dit net “in a sense” waar is, want selfs om die moontlikheid van enige betroubare lewensvisie te ontken, impliseer alreeds ’n bepaalde visie.

## 2.3 Kernbegrippe in die postmoderne denkwyse

Die "stemming" van die postmodernistiese lewensvisie of tydsgees word deur Olthuis (1999:14) in 'n aantal kernbegrippe met die modernisme vergelyk:

| **Modernisme** | | **Postmodernisme** |
|---|---|---|
| die waarheid is logies | – | dit is meer as logies |
| universaliteit | – | partikulariteit |
| geslotenheid | – | openheid |
| duidelikheid | – | dubbelsinnigheid |
| eenheid | – | veelheid |
| eenvormigheid | – | verskeidenheid |
| die geheel | – | fragmente |
| stabiliteit | – | verandering |
| vooruitgang | – | diskriminasie, onderdrukking |
| kontrole, beheersing | – | wederkerigheid |
| neutraliteit | – | vooroordeel |
| tydloosheid | – | tydsheid |
| gelykheid | – | uniekheid |
| sisteem | – | standpunte |
| identiteit | – | onderskeid |
| samehang | – | verspreiding |
| rasioneel | – | emosioneel |
| sistematies | – | eklekties |
| kontinuïteit | – | diskontinuïteit |
| voorspelbaarheid | – | onvoorspelbaarheid |
| sienlike | – | onsienlike |
| antwoorde | – | vrae |
| meesterverhale | – | baie verhale |
| een waarheid | – | baie waarhede |

So 'n kontrasterende vergelyking kan verhelderend wees, maar terselfdertyd peil dit nie die gees van die tyd diep genoeg nie.

## 2.4 Wat die gees van 'n tyd bepaal

Wanneer 'n mens van die "gees" van iemand of iets ('n beweging of tydperk) praat, bepaal jy wat sy hart is, dit wat hom maak wat hy is.

Volgens Hart (1968:1-17) is die gees van 'n mens, groep of tyd ook die karakteristieke "enjin" wat hulle aandryf en alles wat hulle doen tipeer. *Gees* dui dus op inspirasie, motivering, leiding of rigting op 'n spesifieke pad; dit is die diepste religieuse dryfveer agter iemand of iets.

Volgens Hart (1968:9) bepaal veral twee lewensbeskoulike perspektiewe hierdie gees of rigting van 'n bepaalde tyd. In die eerste plek die idee van God/'n godheid. Omdat die mens gewoonlik die wette of norme gehoorsaam van Hom/dit wat hy as die hoogste gesag beskou, vestig Hart (1968:14) die aandag op 'n tweede beslissende perspektief: "What makes my life is the spirit of it and the law which this spirit obeys." Die spesifieke tydsgees word dus bepaal deur dit wat in die bepaalde tyd as normatief beskou word. Hart het hierdie belangrike insig by sy leermeester, Vollenhoven, ontvang. Volgens laasgenoemde bind 'n tydstroming (*Zeitgeist*) verskeie denkers saam, afgesien van hulle onderlinge verskille oor sistematiese probleme, omdat hulle dieselfde gedagtes oor die plek en status van die wet huldig. (Vir besonderhede vgl. Bril, 2005a:15-38, 67-98.)

Indien 'n mens die wetsidee van die postmodernisme kan vasstel, het jy dus hierdie geestesstroming se diepste grondslag ontbloot – die eerste doelwit van hierdie artikel.

## 2.5 Hooftrekke van die gedagtegang

Die postmodernisme veronderstel nie slegs 'n reaksie teen die voorafgaande modernisme nie (vgl. 2.1 hierbo). Dié artikel wil aantoon dat hierdie hedendaagse lewensbeskouing die kulminasiepunt is van 'n meer as 2000-jarige ontwikkeling in die Westerse denke. Om die detail van dié ontwikkeling hierna beter te kan volg, kan 'n samevattende oorsig vooraf nuttig wees.

Die eie visie (vgl. 3.1 hierna) gaan van die veronderstelling uit dat God se wette werklikhede is, wat nie met die dinge waarvoor hulle geld vereenselwig mag word nie. Reeds vroeg in die geskiedenis van die Antieke Griekse denke word die wet egter verwar met dit wat aan die wet onderworpe is (= subjektivisme). In die daaropvolgende verloop word hierdie subjektivisme nie verwerp nie, maar verder geradikaliseer. (Ontologiese subjektivisme lei tot epistemologiese relativisme.) Tydens die Hellenistiese denke word die norme (wat tot sover nog buite die mens gesoek is) as iets logies na die mens se kennende gees (verstand) verplaas. Wette is nou nie meer iets onties nie, maar eerder van epistemologiese aard. In die

rasionalisme word hierdie Hellenistiese aprioriteitstema verder uitgebou tot die rede as finale maatstaf vir sekerheid en koers. Die rede sou algemeen geldende wette formuleer. Omdat die irrasionalisme, die inleiding tot die postmodernisme, historisties dink (redelike, wetenskaplike kennis is bloot die produk van 'n bepaalde tyd, omstandighede en kultuur), verwerp hulle die redelike sekerhede waaraan die modernisme nog vasgehou het en eindig in normatiewe relativisme.

Wat in 'n neutedop gestel is, sal nou in meer besonderhede verduidelik word.

## 3. Die ontwikkeling van 'n subjektiwistiese wetsidee in die Westerse denke

Die postmodernisme is nie iets splinternuuts in die Westerse geskiedenis nie. Dit hoef dus nie met ope arms omhels te word nie. Soortgelyke strominge het alreeds in die Antieke Griekse filosofie voorgekom. Bowendien wil dit lyk asof die meer rasionalistiese strominge telkens in die geskiedenis van die Westerse denke afgewissel is met meer irrasionalistiese "golwe".

### 3.1 Subjektivisme

'n Christelike lewensvisie, wat met die lig van God se openbaring rekening hou, sal ten minste die volgende drie bestaandes erken: God wat die werklikheid (hemel en aarde) tot stand gebring het en sy verordeninge of wette daarvoor gestel het.

Aangesien die Antieke Grieke die ware God nog nie geken het nie en die meeste hedendaagse denkers Hom nie meer wil ken nie, kan hulle ook nie die wette as afsonderlike realiteite of werklikhede (wat vir stof, plant, dier en mens geld) beskou nie. Omdat hulle net een, in plaas van drieërlei werklikheid erken, moet hulle die wette of norme op een of ander plek vind in hierdie werklikheid wat subjek of aan die wet onderworpe is. 'n Voorbeeld is dat 'n mens die ekonomiese mark as norm beskou in plaas daarvan dat dit normatief beoordeel word. Hulle word dus "subjektiwiste" genoem en hulle standpunt "subjektivisme". ('n Ander betekenis as wat gewoonlik onder hierdie term verstaan word, naamlik dat die inhoud van kennis primêr bepaal word deur die kenner.)

So 'n subjektiwistiese standpunt kan natuurlik nie die koersvastheid, rigting en sekerheid bied wat ware wette/norme veronderstel is om te bied nie. Dat (ontologiese) subjektivisme onherroeplik tot (episte-

mologiese) relativisme lei, sal uit die baie kort oorsig wat hier volg, duidelik blyk (vgl. Bril, 2005b; 2005c; Bril & Boonstra, 2000 vir besonderhede).

### 3.2 Die Sofiste

By die Sofis, Protagoras van Abdera (geb. 481 v.C.) is dié subjektivisme reeds duidelik: die mens is die maatstaf van alles (sy bekende *homo mensura*-stelling van fragment 1; vgl. Van der Walt, 1990:76). Nie iets *buite* die mens is die norm nie, maar die mens *self* is die maatstaf. Die mens is sy eie baas. Verder is Protagoras soos die meeste postmoderniste vandag, ook ’n individualis. “Individualis” word hier nie in sosiologiese sin nie, maar in ontologiese sin gebruik: nie die universele of algemene nie, maar die partikuliere en besondere is die belangrikste. Universele, algemeen geldige kennis is dus uitgesluit: wat vir my waar is, is nie noodwendig vir ander ook waar nie. Omdat dit onmoontlik is om ’n konsekwente relativis te wees, meen Protagoras egter dat sommige standpunte tog beter as ander is. Omdat ’n mens nie weet of die gode werklik bestaan nie, is dit tog maar veiliger om hulle nie te ignoreer nie!

Georgias van Leontini (geb. 483 v.C.) radikaliseer Protagoras se standpunt. Terwyl Protagoras beweer het *alles* is waar, leer Georgias dat *niks* waar kan wees nie, of dat alles onwaar is. Hy en die Sofiste ná hom verval dus in nóg radikaler individualisme en relativisme. Aanvanklik word nog geglo dat iets goed is omdat dit nuttig (pragmatisme) of genotvol (hedonisme) is, maar later word eenvoudig aanvaar dat die mag van die sterkste die norm is. Gode, só leer Kritias byvoorbeeld, is ’n uitvindsel van die maghebbers om seker te maak dat hulle onderdane uit vrees vir dié gode nie hulle (die maghebbers se) wette sal oortree nie. Die Sofiste verwerp dus algemeen geldige norme en kon daarom ook nie die verval in Athene teëwerk nie. Ontologiese subjektivisme en individualisme plaas alles op losse skroewe.

### 3.3 Sokrates (469-399 v.C.) en daarna

Die bekende Griekse denker, Sokrates, probeer die Griekse kultuur uit die moeras van skeptisisme (twyfel oor die bestaan van normatiewe sekerheid) red deur die waarde van intellektuele kennis, wat volgens hom vanselfsprekend tot goeie dade sou lei, te beklemtoon. Hy kon egter nie betroubare norme vir die lewe bied nie, aangesien hy hulle nog steeds subjektiwisties in die mens se kennis wou veranker.

In die denkrigtings ná Sokrates neem die verval nog ernstiger afmetings aan as gedurende die Sofiste voor hom (vgl. Van der Walt, 1990:86 e.v.). Kennis gaan basies oor die wetmatigheid van dinge. Indien wetmatigheid egter ontken word, is betroubare kennis onbereikbaar. Denkers uit hierdie tyd beweer selfs dat die huwelik afgeskaf moet word en mense soos diere in een groot kudde moet lewe, terwyl skaamtelose dade in die openbaar as normaal beskou is. Uiteindelik was liggaamlike genot (naakte hedonisme) die enigste riglyn (vgl. byvoorbeeld Diogenes van Sinope en Aristippos van Kyrene). Tereg sê Kok (1996:141) dat dit ’n tragiese beeld is van die bankrotskap van die pagane denke.

Die diepste rede vir hierdie verval is dat maatstawwe, norme of wette *binne* die mens self gesoek is in plaas van *buite* die mens. *Hetero*nomie is met *outo*nomie vervang. Vastigheid is egter alleen te vinde indien norme wat in ’n transendente bron (wetgewer) gegrond is, aanvaar word en wat onafhanklik van menslike goedkeuring steeds van krag bly.

Na elke periode van diepe verval in subjektivisme en relativisme, volg in die Griekse denke telkens weer pogings om dit te oorwin.

### 3.4 Plato (327-247 v.C.)

Plato (327-247 v.C.) is ’n voorbeeld van so ’n reddingspoging. Hy soek die oplossing vir die verval van die Griekse beskawing in teoretiese kennis van ’n buitekosmiese ideëwêreld. Kok (1996:45) sê byvoorbeeld:

> Plato’s epistemology is outspokenly intellectualistic. The intellect, the mind, scientific thinking, all open the door to salvation. The senses, in contrast, cannot be trusted.

Soos wat ’n mens duidelike parallelle tussen die Sofiste en die na-Sokratiese denke aan die een kant en die postmodernisme van vandag kan sien, bemerk ’n mens ook ooreenkomste tussen Plato en die veel latere modernisme of rasionalisme. Kok (1996:47) merk dan ook op:

> ... the intellectualism of Plato contributed significantly to the idea that our mind, our rational, analytic function, is the only human tool to be trusted as our sure guide in life. The rationalism and faith in science of a later age were the distant results.

## 3.5 Aristoteles (384-322 v.C.)

Volgens Kok (1996:53) loop die rasionalistiese lyn ná Plato deur by Aristoteles, die volgende groot Griekse denker. Ook Van der Walt (1990:72) toon aan hoe die wet of wese (*ousia*) by hierdie denker op analitiese vlak lê. Wanneer die wette vir die selfstandige ontologiese aard van die skepping ontken word deur dit bloot as iets analities (in die mens) te beskou of epistemologies te reduseer, verdwyn hulle geldingskarakter en kan hulle nie meer rigting aandui nie. Dit blyk duidelik uit die verdere verloop van die Westerse denke.

## 3.6 Hellenistiese skepsis

Die filosofie na 320 v.C. staan as die Hellenistiese filosofie bekend. As gevolg van Alexander die Grote se veldslae het 'n kosmopolitiese wêreld ontstaan. Die vermenging van allerlei Oosterse en Westerse kulture het tot groot onsekerheid gelei. Soos in die voorafgaande gevalle hierbo, verskuif die aandag weer van 'n belangstelling in die ontologiese na kenteoretiese probleme. Soortgelyke vrae as vóór en ná Sokrates word weer gestel: Hoe kan ons seker wees van wat ons weet? Nog radikaler: Is kennis as sodanig werklik moontlik?

Dit is hierdie soort vrae wat in die Skeptiese Skool, gestig deur Phyrro van Elis, gestel word. Volgens hom kan 'n mens nie sê iets *is* so nie, maar hoogstens dat dit so *lyk*. Tereg merk Kok (1996:60) in dié verband op:

> ... consistent sceptisism, like consistent relativism, seems to be an impossibility. If the Sceptic says, 'All things are uncertain' then he has just stated one undisputed certainty, namely that all things are uncertain, just as the relativist contradicts herself when she claims that everything is relative: for such a claim asserts one absolute amidst the relativity.

## 3.7 Die aprioriteitstema

Die "oplossing" wat die Hellenistiese denke uiteindelik vir die epistemologiese probleem van "Hoe kan ek seker weet?" gegee het, is die aprioriteitsteorie. Daarvolgens sou elke mens oor aangebore idees betreffende wetmatigheid of normatiwiteit beskik. Sulke normatiewe konsepte is dus deel van die mens se samestelling en daarom betroubaar.

Volgens Vollenhoven is dit 'n baie belangrike ontwikkeling gedurende die Westerse denke. Aangesien hierdie artikel nie in detail daarop ingaan nie, word met enkele verwysings volstaan. Bril (2005c:39-

40) gee ’n kort omskrywing van die aprioriteitsteorie volgens Vollenhoven. Bril en Boonstra, (2000:272-274) gee daarbenewens ook ’n kort oorsig oor hoe die aprioriteitstema ná sy ontstaan verder by die rasionalisme ontwikkel het, terwyl die irrasionalisme sulke aangebore wette (*ideae innatae*) ontken. Bril (1986:228-278 en 2005a:67-98) is baie waardevol, aangesien die historiese ontwikkeling tot by die postmodernisme behandel word en dit met talle voorbeelde uit verskillende vakgebiede geïllustreer word. Ook die ontstaan van die idee van die rede en menslike outonomie word verduidelik.

Wat by die aprioriteitsteorie gebeur, kom kortliks op die volgende neer: Die wette word nou nie meer beskou as iets ekstramentaals, buite die menslike kennende gees, waarvan intramentale kennis verkry moes word nie, maar as iets intramentaals, iets wat selfbegrip, kennis is. Bril (2005a:18) noem dit ’n proses van internalisering en subjektivering. Dit verskil egter van ander begrippe, omdat dit nie net universeel is nie, maar ook ’n geldende, (wets-) karakter sou hê. Sulke begrippe kry ’n mens nie deur ervaring nie, maar dit gaan aan elke ervaring vooraf, dit is a-priories. Soos Kok (1996:61) tereg sê, is hierdie teorie duidelik die voorbode van die latere rasionalistiese denke (1600-1900).

Die aprioriteitstema het om verstaanbare redes vinnig binne die Hellenistiese denke versprei, omdat dit hoop op nuwe sekerheid gebied het. Omdat dit nog steeds die norme *vir* die skepping subjektiwisties *in* die skepping geplaas het (aprioriese begrippe van die mens), was dit egter tot mislukking gedoem. Kok (1996:61) stel dit duidelik:

> The concept ‘reason’ as an independent apriori faculty, common to all men and functioning as an autonomous source and guide for life, is a myth, a pagan invention designed to give mankind, lost in uncertainty and sin, a solid mooring, an anchor. But man’s ‘reason’ is no more trustworthy than anything else outside of the Word of God. To put one’s faith in ‘reason’ is to worship an idol.

## 3.8 Rasionalisme (1600-1900)

Gedurende die vroeg-Christelike en Middeleeuse denke neem die aprioriteitsteorie die vorm aan van die “natuurlike lig van die rede”. Dit was nog ’n soort semi-outonome rede, omdat die geloof (op die terrein van die genade) nog die finale sê gehad het. Christelike norme kon nog byvoorbeeld op die terrein van die kerk geld. Die rasionalisme (in opvolging van denkers tydens die Renaissance)

skrap egter die bonatuurlike terrein van die genade en geloof en verklaar die mens outonoom, dit wil sê, sy eie wetgewer. Wat Protagoras begin het, word dus voltooi.

Hierdie menslike outonomie is in die rede gegrond. Kok (1996:120) verduidelik:

> The term 'rationalism' means an exaggeration and overestimation of *ratio.* What does *ratio* mean? It means 'reason', man's thinking ability equipped with aprioris. A modern adaption of the old Hellenistic theory of the apriori ... As such, the term 'reason' is a pagan concept. God did not give 'reason' to man, but the ability to distinguish and to understand. The concept 'reason' with its attending aprioris is the product of an apostate illusion.

Hoewel die rasionalisme 'n voortsetting van die Hellenistiese aprioriteitsleer is, verskil eersgenoemde omdat dit (vgl. Kok, 1996:126) nog meer subjektiwisties geword het. Dit is belangrik om te weet dat dié subjektiwistiese lyn dwarsdeur die Westerse denke loop en steeds radikaler vorme aanneem.

Die verskillende rasionalistiese strominge kan nie hier behandel word nie (vgl. Kok, 1996:126-147). Wat wel belangrik is, is dat daar selfs binne dié hoofstroom reeds protes was teen die alleenheerskappy van die rede. Dit is byvoorbeeld duidelik by die praktikalisme (van die ouere rasionalisme) en die neo-idealisme (van die latere rasionalisme). Dit geld ook van 'n stroming soos die neomarxisme van die Frankfürter Skool (Horkheimer, Adorno, Habermas, ensovoorts; vgl. Klapwijk, 1976:109). Hulle glo nog wel in die krag van verligte denke, maar die doel is om die samelewing te bevry.

## 3.9 Irrasionalisme

Die irrasionalisme, wat in die loop van die geskiedenis al skadubeelde gehad het, word van die begin en veral middel van die vorige eeu af 'n duidelike stroming. Dit is baie belangrik vir die verstaan van die postmodernisme. Volgens Kok (1996:149) kan die irrasionalisme reeds as postmodernisties beskou word.

Naugle (2002:253, 254) gee 'n goeie beskrywing van 'n belangrike verskil tussen modernistiese rasionalisme en die postmodernistiese irrasionalisme: "In the halcyon days of the Enlightenment, the prejudice against any prejudice reigned supreme." Van die hedendaagse postmodernisme sê hy (Naugle, 2002:254) egter:

> The prejudice against prejudice has been recognized as a predjudice, and the self-defeating nature of this aspect of the Enlightenment project has been exposed. In these 'postmodern' times many thinkers have perceived that it is virtually impossible, and indeed not even healthy to attempt to quarentine thought, and to rid all conceptual endeavours of the encroachment of personal and cultural contingencies.

Zuidema (1971:149) toon in aansluiting hierby aan dat 'n uitstaande kenmerk van die irrasionalistiese denke sy historisme of oorbeklemtoning van die historiese faset van die werklikheid is. Alles, ook die mens se denke, is histories bepaald. Die onhistories-abstrakte denke van die rasionalisme was 'n mite.

*Irrasionalisme* dui dus op 'n antirasionalistiese reaksie; dit is téén die rasionalistiese modernisme; drie eeue na Descartes betwyfel dit die selfgenoegsaamheid van die rede. Omdat dit 'n reaksie is, is daar ook kontinuïteit – en wel in drieërlei sin. Eerstens beteken irrasionalisme nie dat die mens *on*redelik is nie; hy is *voor*- of *bo*-redelik (Klapwijk, 1986:15). Volgens Bril (2005a:87) en Kok (1996:150) word die bestaan van die rede nog steeds onkrities aanvaar. Dit het nou egter 'n beperkter betekenis. Die rede word onttroon, maar nie heeltemal losgelaat nie. Dit word dus gedegradeer en soms gediskwalifiseer, maar nie afgeskaf nie (vgl. Klapwijk, 1986:14).

Tweedens word die volstrekte outonomie van die mens (die gedagte dat die mens sy eie wetgewer en self skepper van sy lewe is) net soos gedurende die modernisme, onverswak gehandhaaf. Anders gestel: die irrasionalisme is nie minder sekularisties nie.

Derdens is dit uit die twee vorige punte reeds duidelik dat die irrasionalisme ook nie die eeue oue subjektivisme van die voorafgaande Westerse denke laat vaar het nie. Omdat dit die bietjie houvas wat die rede gebied het ook beperk, word dit eerder nog radikaler subjektiwisties en dus relatiwisties.

## 3.10 Irrasionalistiese strominge

Hoewel al drie irrasionalistiese strominge die wet in die subjek (iets prakties) soek, gebeur dit verskillend (vgl. Bril, 1986:256-278 en 2005a:86-92). Die norm vir die pragmatiste is die praktiese nut (as iets nuttig is, is dit waar); vir die vitaliste (lewensfilosofie) is dit die instinktiewe lewe; vir die eksistensialiste is die norm eksistensiële menslike vryheid. Die gedegradeerde rede moet dus die nut, lewe of vryheid dien. Die subjektivisme in laasgenoemde geval blyk duidelik indien geleer word dat wat waar is, nie iets is wat van buite af kom

nie, maar diep uit jouself moet kom, outentiek moet wees. Geen wonder dat die eksistensialisme gekenmerk word deur 'n grondstemming van angs, twyfel, wanhoop en walging nie (vgl. byvoorbeeld Sartre). Tereg vra Klapwijk (1986:122) of so 'n subjektiwistiese soort filosofie soos die eksistensialisme iets meer as outobiografies kan wees.

## 3.11 Die hedendaagse situasie

Die situasie tans word gekenmerk deur 'n kompleks van lewensbeskoulike en filosofiese strominge en teenstrominge, rasionalisme naas irrasionalistiese postmodernisme. Klapwijk (1986:116) is waarskynlik reg as hy beweer dat nie die modernistiese vraag na die *beheersing* van die werklikheid nie, maar eerder die postmoderne vraag na die *sin* van die werklikheid vandag voorop staan. Daar bestaan wanhoop oor enige geïntegreerde uitkyk op die lewe; eenheid en heelheid sou buite bereik wees; rigtinggewende norme het verdwyn. In kort, die Westerse denke het op 'n doodlooppad beland. Radikale lewensbeskoulike herbesinning oor die diepste vertrekpunte van die Westerse denke (soos sy wetsidee) is dringend nodig (Klapwijk, 1986:124, 125).

## 3.12 Terugblik

Bril (2005a:92) vat die 2 500-jarige verloop van die Westerse denke kernagtig in 'n paar flitse saam:

> Plato looked for transcendent normative standards that hold for all. Centuries later, philosophers considered these standards as to be within the mind a priori. On Nov. 10, 1793, the French public honoured the 'goddess of reason' in Paris Notre Dame Cathedral ... Within one hundred years ... norms had become merely a personal and usually contingent creation. And the struggle continues concerning the place and the truth of divine order ... The conflict concerning the truth of *Ordnungen* is the real substance of history.

Die voorafgaande "les" in die geskiedenis was verfrissend. Daaruit is veral drie dinge geleer:

- Die postmodernisme is nie 'n splinternuwe idee nie – dit het talle voorlopers in die geskiedenis gehad.
- Postmodernisme mag nie kritiekloos as die nuutste mode deur Christene omhels word nie – sy relativisme stel alles op losse skroewe.

- Omdat die postmodernisme die (finale?) konsekwensies van die voorafgaande Westerse subjektiwistiese wetsidee trek, kom die geestelike bankrotskap van die Westerse denke hier op sy duidelikste na vore.

Hierbo (2.4) is gestel dat die visie op God se wette die gees of lewensvisie van ’n tyd bepaal. Dit blyk duidelik uit die voorafgaande oorsig. Meer as 2 000 jaar gelede reeds is die selfstandige ontologiese status van die wet in die Antieke Griekse denke ontken deur dit te versubjektiveer, naamlik om dit in dié dinge wat aan die wet onderworpe is, te soek. Gedurende die Hellenisme en die Rasionalisme lei hierdie foutiewe ontologie tot ’n epistemologies versmalde visie, omdat die wette vir die werklikheid iets logies in die mens se verstand word. In die irrasionalisme word die reeds gereduseerde visie as gevolg van sy sterk historistiese inslag nog verder gerelativeer. Redelike *begin*sels bestaan nie, maar slegs nuttigheid, lewe (mag) en vryheid as *eind*sels (doelwitte). Die hedendaagse postmodernistiese normatiewe relativisme is die eindresultaat.

Sulke epistemologiese en normatiewe relativisme is natuurlik bloot op logiese gronde onhoudbaar: “From a purely logical point of view it is clear that within such a world nothing can be ‘true’ – for the statement that relativism is true is valid if and only if it is false”. (Strauss, 2005:iii.) Naugle stel die dilemma soos volg:

> If historicism is true, then it must be false, for the principles of historicism must also be a product of historical forces, and therefore relative. If they are relative, then they cannot be used in some absolute way ... (Naugle, 2002:111).

Die volgende belangrike lewensbeskoulike vraag is of ’n mens met so ’n relatiwistiese lewensvisie kan leef. Kan ’n mens dit konsekwent volhou?

## 4. Kritiese reaksies op die historistiese relativisme van die postmodernisme

Tot sover is die historiese agtergronde van die wetsidee van die postmodernisme deur middel van transendentale kritiek ontbloot. Vervolgens word eers immanente kritiek gegee, voordat daar vanuit ’n transendente hoek ’n Skriftuurlik-Reformatoriese wetsidee as oplossing vir die doodloopstraat waarin die Westerse denke beland het, aangebied word.

## 4.1 Historisme

Uit die voorafgaande oorsig het geblyk dat die grondprobleem van die postmodernisme hulle "anomie" is. "*Anomie* is a loss of *nomos* – the loss of any sense of meaningful order to the world ... all order is arbitrary, imposed on the world by human beings, usually for self-serving reasons" (Middleton & Walsh, 1995:36). 'n Belangrike oorsaak vir hierdie "wetloosheid" is die historisme, wat reeds duidelik by die irrasionalisme voorgekom het.

### 4.1.1 'n Onhoudbare standpunt

Klapwijk (1970a:3) beskryf die historisme soos volg:

> Omdat het nl. de mens en zijn kultuur gaat plaatsen op de as en meetlat van de tijd, in het alomvattend perspectief van de geschiedenis, maakt het *eo ipso* iedere opvatting, elke norm en overtuiging, hoe vast ook geloofd, hoe vurig ook beleden, tot een tijdelijk verschijnsel, een voorrbijgaand gebeuren. Alles word historisch bepaald geacht, als historisch-betrekkelijk gezien, dat wil zeggen: *gerelativeerd*.

Die historisme is 'n *-isme*, dit oordryf of verabsoluteer een aspek van die werklikheid en probeer al die ander aspekte van die werklikheid na die historiese herlei en daaruit verklaar.

Strauss merk op dat daar in sulke -ismes 'n groot ironie skuil:

> If everything is history, nothing remains that could have a history. This is the *cul de sac* of historicism (and of every ism): that which is exalted as one and all loses all meaning, since if everything is history, there is nothing which can have a history. Ultimately every one-sided *ism* produces a tragic irony: it always achieves the opposite of what it aimed for (Strauss, 2005:225).

Clouser (2005:9, 10) beklemtoon dieselfde punt: Hoe kan enigiets 'n geskiedenis hê as alles geskiedenis is? Met ander woorde, wanneer 'n mens al die ander aspekte van die werklikheid (byvoorbeeld die biotiese, psigiese, sosiale, logiese, linguale, ekonomiese, geloof, ensovoorts) tot die historiese herlei, bly daar niks oor wat 'n geskiedenis kan hê nie. Die opvatting dat die historiese die essensiële van alles is, is dus selfvernietigend.

Die oplossing is nie om iets anders in die plek van die historiese te verabsoluteer nie, maar om sowel die modale *verskeidenheid* in die skepping ernstig te neem as die onderlinge *samehang* (vgl. Strauss,

2005:227). Selfs gewone verandering kan nie verstaan word sonder om iets konstants te aanvaar nie.

### 4.1.2 Onsamehangendheid

Clouser (2005) toon drie soorte onsamehangendheid by die historisme aan. Dit is "referentially incoherent, self-assumptively incoherent and self-performatively incoherent". Ek stel hom self aan die woord om te verduidelik:

- "... if all beliefs are on an equal footing because none can be known to correspond to reality, this would have to apply to the theory of historicism itself ... it cannot be true in the sense in which it claims to be true" (Clouser, 2005:5).
- "... historicism avoids self-referential incoherence only at the price of being self-assumptively incoherent. The unstated assumptions of the argument would be incompatible with the claim the argument is defending" (Clouser, 2005:6). Die konklusie is: historisme is óf vals omdat dit sigself kanselleer, óf vals omdat elke verdediging daarvan moet veronderstel wat dit ontken.
- "This (self-performative incoherence) means that it is incompatible with either a state or activity of the thinker that is needed to form it" (Clouser, 2005:7, 8).

Volgens Clouser (2005:10) faal die historisme ook epistemologies (as kenteorie), want:

> It needs to be an exception to its own claim, may only be defended by arguments that assume beliefs incompatible with that claim, and cannot justify the status it confers on the culture-forming power, owing to the very activity of abstraction needed to distinguish that power in the first place.

### 4.1.3 'n Verborge eie meesterverhaal

Middleton en Walsh (1995:75 e.v.) fokus hulle kritiek veral op die postmoderne historisme se standpunt dat groot verhale onwaar en onderdrukkend sou wees.

Dit is nie so dat net groot verhale onderdrukkend is nie – ook lokale "stories" (kulture) kan geweld legitimeer (Middleton & Walsh, 1995: 75). Verder word die vraag gestel of die postmodernisme nie *self* ook 'n groot verhaal veronderstel nie: "... isn't this (postmodernism) itself a tall tale, a meta-narrative of universal scope which is simply not acknowledged?" (Middleton & Walsh, 1995:76).

Die postmodernisme is dus nie konsistent deur ook hulle eie lewensvisie te relativeer nie:

> Do Postmodernists consider their own worldview as simply one opinion among many? Not at all. Postmodernity, as the master discourse which guides our understanding that all stories are mere human constructs, does not appear on the table. It *is* the table on which all the other dishes are served. Postmodernity thus functions as the larger interpretive frame that relativizes all other worldviews simply as local stories ... The postmodernist is thus caught in a performative contradiction, arguing against the necessity of metanarratives precisely by (surreptititious) appeal to a metanarrative. (Vgl. Middleton & Walsh, 1995:77.)

Die postmodernisme is ten spyte van wat dit beweer dus niks anders as ook 'n groot verhaal nie, want dit is die *universele* basis op grond waarvan alle ander standpunte as *beperkte* visies beskou word. Vir homself maak die postmodernis op algemeen geldigheid aanspraak, terwyl alle ander posisies gerelativeer word.

'n Volgende belangrike punt waarop Middleton en Walsh die aandag vestig, is dat 'n konsekwensie van die postmodernisme is dat 'n mens nie net die gevangene van jou eie kultuur (eie klein verhaaltjie) is nie, maar dit ook moet bly. Hulle stel dit so:

> ... the postmodern worldview cannot sustain hope or empower us to live in the face of the ethical chaos and brutality that characterizes the ending of modernity. Indeed, if we seriously shaped our lives by the typical postmodern answers ... we should be at the mercy of whatever socially embodied narrative we found ourselves in. We would be unable to resist oppression since we would have no coherent way of appealing to any larger, transcendent story which might call into question whatever story was presently dominant. (Middleton & Walsh, 1995:78.)

Griffioen (1998:128) stel dit soos volg:

> Postmodern thought resembles pagan gods that take with one hand what they have given with the other. It liberates scholarship from the obsession with certainty, but it fails to show a way leading beyond present pluralities and thus leads into a new form of captivity.

Tereg word daaraan toegevoeg dat die probleem dieper lê as in groot verhale. Dit lê in die liefdeloosheid en geweld van die menslike hart en vereis dus 'n veel radikaler geneesmiddel as wat die postmoderniste voorstel.

### 4.2 Die oplossing vir historistiese relativisme

Volgens Klapwijk (1970b:32-33) is die enigste werklike oplossing dat die mens hom op God se wil of skeppingsordeninge, soos in die skepping en die Skrif geopenbaar, beroep. Die openbaring van God bevestig homself en dit hoef nie wetenskaplik as waar bewys te word nie.

Hoewel hierdie beroep *fundamenteel* is, is dit nie *voldoende* nie, omdat die mens se kennis van God se wil gebrekkig is en bly. Daar moet dus duidelik tussen ons verstaan van God se wet (ons "beginsels") en sy volmaakte wet onderskei word. God se Woord en ons antwoord daarop mag nooit gelykgestel word nie. Terselfdertyd mag hulle nie geskei word nie.

Op hierdie wyse kan enige vorm van modernistiese *absolutisme* verwerp word, omdat menslike positivering van God se verordeninge nie dieselfde as sy verordeninge is nie. Maar as gevolg van die noue verband tussen ons verstaan daarvan en God se wette self, word terselfdertyd ook die postmoderne *relativisme* verwerp. Ons norme, al is hulle ook hoe gebrekkig, is 'n toepassing van *God* se wil. Alleen in gehoorsaamheid aan God se wil kan die sin van die lewe weer gevind word (vgl. Van der Walt, 2003:547-549).

Indien die Bybelse wetsidee so belangrik is om 'n antwoord op die postmodernisme te bied, is dit belangrik om te weet wat dit behels – die volgende hoofpunt.

### 4.3 God se skeppingsorde as antwoord op die subjektiwistiese wetsidee van die postmodernisme

Die belangrikste kenmerke van 'n Reformatoriese wetsidee is die volgende:

#### 4.3.1 God as Wetgewer

Teenoor die modernisme se idee dat die menslike rede self die orde skep, of die postmodernisme wat dié modernistiese idee konsekwent toepas en die gevolgtrekking maak dat alle orde menslike konstruksies en dus fiksie is, leer die Skrif dat God nie net die Skepper is nie, maar ook die Wetgewer van die skepping. Spykman (1994: 40) stel dit soos volg:

> Biblical revelation tells us that God called into existence not a chaos but a cosmos (Isa. 45:18) – a normatively structured, and well-ordered world. God's Word defined the structures and

> functions of all his creatures, and the creatures answered faithfully. The structures *of* creation answered fully to the divinely ordained structures *for* creation.

Om te sê dat God die Soewereine is, is om te aanvaar dat sy wette geld. Daar bestaan ’n korrelasie tussen wet en subjek (dit wat aan die wet onderworpe is). Vir elke skepsel geld ’n wet, en omgekeerd is vir elke wet iets wat daaraan moet gehoorsaam.

### 4.3.2 Rigting

God se wette dui die koers of rigting aan hoe die mens behoort te lewe om ten volle mens te kan wees. Ná die sondeval bly hierdie verordeninge geld, maar nou kan dit óf gehoorsaam óf oortree word. Die natuur (aard of struktuur) van die subjekte wat deur die wet bepaal is, bly dieselfde, maar twee religieuse rigtings is moontlik. Die skeppingstrukture word dus nie deur die religieuse koers verander nie. Liggaamlikheid, seksualiteit, die huwelik, politiek, ensovoorts is nie as sodanig iets sondigs nie.

### 4.3.3 Omvattendheid

God se wette geld nie net vir die morele en godsdienstige lewe nie, maar vir alle fasette en terreine van die lewe en vir elke mens, of hy/sy gelowig is of nie.

> The creation order is our one and only habitat. It is the same for all ... It is God’s world. He has called it to order. He maintains the orderliness from day to day – its lawfulness, ensuring the regularity and predictability needed for all life. (Spykman, 1994:35.)

Om die “alomteenwoordigheid” van die wet te beklemtoon en die omvattende gehoorsaamheid op elke lewensterrein te benadruk, mag by postmoderniste die verkeerde indruk van ’n legalistiese lewensvisie skep. Gehoorsaamheid behoort egter iets spontaans en vreugdevols, ’n dankbare taak te wees, omdat gehoorsaamheid aan God se rigtingwysers die pad na volle lewe is.

### 4.3.4 Konstantheid

God se skeppingsordeninge is nie, soos die historisme leer, onderworpe aan die veranderlikheid van die geskiedenis nie (vgl. Gen. 8:22). Om hierdie karaktertrek te beskryf, is die woord *onveranderlik* egter nie die mees gepaste nie. Dit kan die indruk skep dat God se verordeninge staties is. Daaruit kan die verkeerde gevolgtrekking gemaak word, naamlik dat mense op grond van God se skeppings-

orde die *status quo* behoort te aanvaar of goed te praat. Dit is byvoorbeeld in die geval van apartheid gedoen. Die woorde *konstant* of *stabiel* is meer toepaslik. Spykman (1994:39) praat van "dynamic constancy". God se wet is gegrond in sy eie onwankelbare trou. Volgens Wolters (1994:54) bied dit 'n sterk bolwerk teen historisme en relativisme.

### 4.3.5 Differensiasie

'n Volgende trek van die Reformatoriese visie is dat dit 'n verskeidenheid modaliteite (aspekte van die werklikheid), konkrete dinge en menslike samelewingsverbande onderskei, wat elk aan hulle eie wette of norme onderworpe is. Omdat elkeen sy eie norme gehoorsaam, mag die een faset nie tot 'n ander herlei of verabsoluteer word nie. Die een samelewingsverband mag ook nie die ander oorheers of op sy terrein inmeng nie.

### 4.3.6 Dinamiek

God se wette geld ook op verskillende maniere. Ten opsigte van stof, plante en diere het hulle 'n *dwingende* karakter, maar omdat die mens 'n verantwoordelike wese is, het hulle in die mens se geval 'n *vergende* aard. God se wette beteuel ook die kwaad en bevorder die goeie. Indien 'n mens die skepping verstaan in terme van God wat sy verordeninge daarvoor stel, is dit nie 'n statiese nie, maar 'n dinamiese werklikheid.

Spykman (1994:39) word weer aan die woord gestel:

> ... The creation order continues to hold for the way we order our lives within creation. Indeed, its impinging power is so strong that disorder itself is discernible only in the relation to the established order. The holding and healing power of this God-given order exerts a corrective pressure even in the most obstinate cases of disorder.

Geen mens ontsnap dus aan God se orde nie. Selfs 'n bende diewe moet tot 'n mate sy wet gehoorsaam. Hulle steel wel van ander, maar wanneer hulle die agtste gebod teenoor mekaar oortree, val die bende uitmekaar.

### 4.3.7 Kennis van die skeppingsorde

Aangesien die postmodernisme groot klem op die kenteorie lê, is dit belangrik om te weet hoe 'n mens kennis van God se wette kan

bekom. Die volgende uitspraak van Spykman (1994:41) verduidelik hoe:

> The Word of God for creation, God's good order for creation, is in itself transcendent. It is beyond our reach. Thus we cannot get at it directly even by means of scientific investigation. All our knowledge of God as Creator is reflexive, responsive. We gain such knowledge by observing carefully how God's various creations respond to the holding power of his Word – each 'after its kind'.

'n Voorbeeld ter verduideliking is hoe 'n boer weet om te ploeg, te saai en te dors: hy lei dit, volgens Jesaja 28:23-29, uit God se skeppingsorde af.

Volgens Wolters (1994:55) hoef daar dus nie teëspraak te wees tussen God se stabiele kosmiese orde aan die een kant en aan die ander kant die menslike, veranderlike geskiedenis nie. Die mens se taak behels juis dat hy die skepping *volgens God se orde* moet ontwikkel en laat ontplooi. Om dit te doen, moet mense vir hulle eie tyd en omstandighede God se skeppingsordeninge verstaanbaar maak of positiveer. Dit moet altyd gebeur vir 'n spesifieke saak of samelewingsverband in die lig van die sentrale liefdesgebod (Matt. 22:37-40). Wolters (1994:59) is van mening dat hiermee 'n derde weg gevolg word, want "[i]t rejects both the assumption (about the laws) of supra-historical metaphysical entities ... and the relativist denial of all constants".

In die Reformatoriese visie word dus groot klem op menslike verantwoordelikheid gelê. Daarom is dit nie 'n eenvoudige pad nie. Norme kan nie eenvoudig pasklaar uit God se Skrifopenbaring of sy skeppingsopenbaring gehaal word nie. Veral in die geval van die normatiewe skeppingsorde (God se wette wat spesifiek vir mense bedoel is) bly die gevaar van subjektivisme, naamlik dat die formuleerder van die norme se eie visie allesbepalend is. Hoe kan 'n mens byvoorbeeld seker weet wat die norme vir denke, taal, kuns, ensovoorts is? Is hulle selfevident (vgl. Rom. 1:20 en veral Rom. 2:14,15)? Moet 'n mens op jou intuïsie staatmaak? Kan die lig van die Skrif 'n mens help om hulle te ontdek?

Ruimte ontbreek om op hierdie vrae en die debat daaroor binne Reformatoriese kringe, naamlik wat die plek en status van goddelike wette en menslike norme is, in te gaan. Vir die geïnteresseerde leser is die volgende van die belangrikste bronne wat geraadpleeg kan word: Griffioen (1995), Hart (1984:37-84; 1995 en 2000), Venter (2001 en 2002), Wolters (1995) en Wolterstorff (1995).

### 4.3.8 'n Derde weg

Wat wel duidelik is, is dat die Reformatoriese tradisie se bedoeling is om twee dwalings te vermy. In die woorde van Schrotenboer (1994: 71):

> One mistake is that we tend to equate our positivized form with the divine orders themselves. This is a form of pride. The opposite danger is that we see these positivized forms as only so many human constructions and then dismiss the idea of the underlying (divine) order to which they give expression. This is an example of throwing the baby away with the bath water.

Ook die Redeemer Universiteitskollege (2003:8) kies hierdie derde weg sonder om die waarheidsmomente van sowel die rasionalisme as die irrasionalisme te ignoreer. Aan die een kant spreek dit waardering uit vir die moderniste se klem op die verstand as 'n unieke gawe wat God aan die mens gegee het, maar aan die ander kant word erken dat die postmoderniste se klem op die subjektiwiteit van alle menslike kennis ook korrek is. Die modernisme word gelyk gegee dat die soeke na die waarheid belangrik is, maar die postmodernisme ontvang ook die erkenning dat menslike kennis altyd gekondisioneerd en gebrekkig is.

Die brosjure verwerp terselfdertyd altwee hierdie invloedryke "idols of our time". Eers die modernisme, omdat kennis nie neutraal kan wees nie, maar dan ook die postmodernisme:

> ... we differ from the radically relativist point of view in two important respects. In the first place, the subjectivity that informs scholarship is, at its deepest level, religious in nature. That is, the paradigms and worldviews that mould theoretical work have not merely evolved to maturity under historical, social and cultural influences. Paradigms and worldviews are the products of that fundamental and directing power – the religious impulse that lives at the very heart of humankind. Religion is not merely one more element of human subjectivity standing alongside all the others: it is what shapes and moves them all (Redeemer University College, 2003:10, 11.)

Die bedoeling hier is (vgl. 4.2 hierbo) dat religie nie bloot 'n faset van die werklikheid is nie, maar grondliggend, omvattend en voorwetenskaplik is en dus nie bewys of weerlê kan word nie.

Die Redeemerbrosjure se tweede rede vir die verwerping van die postmodernisme sluit aan by wat hierbo reeds oor die skeppingsorde gesê is:

> Secondly, we reject the relativism that can arise from paying inordinate attention to the subjective elements in human knowledge and knowing. We believe that there is a given order of creation which can be known, and that we are called ... to give a faithful account of what we perceive of that order. Though our knowing never occurs in a vacuum, and though our knowledge is always partial and imperfect, genuine insight into the order of what has been made (by God) can be achieved. (Redeemer University College, 2003:11.)

Met hierdie prinsipiële kritiek op die postmodernisme stem die skrywer heelhartig saam. Soos egter reeds hierbo (aan die einde van 4.3.7) opgemerk, sal na dié afwysing van die postmodernisme nog verdere diepgaande besinning oor die derde weg nodig wees.

Tot dusver is *een* aspek van die postmodernistiese lewensvisie (die wetsidee) vanuit 'n Reformatoriese perspektief bevraagteken. In die tweede hoofafdeling wat nou volg, word lewensvisies *as sodanig* vanuit 'n postmoderne perspektief bekyk. Vanuit hierdie perspektief kom veral 'n Christelike lewensvisie onder skoot. Omdat dit nie die postmoderne normatiewe relativisme kan aanvaar nie, word dit as 'n onderdrukkende ideologie afgeskryf.

## 5. Die kritiek van die postmodernisme op lewensvisies, veral op 'n Christelike lewensvisie

Daar sit 'n belangrike waarheidsmoment in die postmodernisme se idee dat alle lewensvisies, die Christelike ingesluit, onderdrukkende ideologieë is. Dit word slegs 'n waarheidsmoment genoem, omdat lewensvisies nie *as sodanig* onderdrukkend is nie. Selfs die postmodernisme beskou nie hulle eie visie so nie. Die waarheidsmoment is dat enige lewensvisie in 'n onderdrukkende ideologie *kan ontaard*. Walsh (2000b:28) sê tereg: "A community's worldview *can* and often *does* easily become an exclusive, indoctrinating, and marginalizing ideology. And this has happened in our midst."

### 5.1 Herbesinning onder Reformatoriese denkers

Hoewel ruimte ontbreek om volledig in hierdie artikel daarop in te gaan, het Reformatoriese denkers wat vroeër heelwat oor 'n Christelike lewensvisie geskryf het, hierdie postmodernistiese kritiek op lewensvisies ernstig opgeneem. Voorbeelde daarvan is Fernhout (1997), Middleton en Walsh (1995), Naugle (2007), Olthuis (2007), Seerveld (2007) en Wolters (2007). Elkeen van hulle probeer in 'n

mindere of meerdere mate aan hulle vroeëre standpunte skaaf, of dit selfs (vgl. Olthuis, 2007) heeltemal wysig.

Met behulp van Walsh (2000a en 2000b) word die gevare van ’n Christelike lewensvisie in die lig van die postmoderne kritiek kortliks behandel om daarna aan te dui hoe dit teengegaan kan word.

## 5.2 Die gevare wat ’n Christelike lewensvisie bedreig

’n Christelike lewensvisie kan op die volgende maniere in ’n ideologie ontaard – dit waarvan die postmodernisme alle lewensvisies beskuldig.

### 5.2.1 Ontaarding in ’n totalitêre, intellektualistiese sisteem

Die meeste van hierdie gevare ontstaan as gevolg van die oordrywing van ’n waarheidsmoment. In die eerste geval is dit waar dat ’n lewensvisie omvattend is. Wanneer ’n mens egter die gevoel kry dat ’n lewensvisie nie meer beweegruimte toelaat nie, nie bevraagteken mag word nie of nie jou eie geloofsgroei bevorder nie en jy ’n gevange daarvan word, begin rooi waarskuwingsligte flikker.

Dié gevaarteken word versterk wanneer voorstanders van so ’n lewensvisie in intellektuele arrogansie op ander met verskillende lewensvisies begin neersien; of as hulle dit as vanselfsprekend aanvaar dat hulle regte denke (lewensvisie) tot die regte dade (lewenswandel) sal lei. In so ’n geval word vergeet dat ’n lewensvisie iets voorwetenskapliks is wat diep uit die hart kom en nie ’n rasionele stelsel nie. ’n Sisteem kan ’n mens *aanleer*, maar ’n lewensvisie moet jou hart *aangryp*. Terwyl ’n sisteem iets tydloos en staties kan wees, is ’n lewensvisie iets histories wat vir ’n bepaalde tyd bedoel is en dus dinamies is. ’n Lewensvisie mag nooit (af)geslote wees nie, maar moet oop bly vir vernuwing.

Nóú verbonde aan hierdie gevaar is die volgende:

### 5.2.2 Aanspraak op universele geldigheid

Ook hierdie afwyking bevat ’n element van waarheid wat oordryf kan word. ’n Mens moet met volle oorgawe in die geldigheid van jou lewensvisie glo. Bowendien is ’n lewensvisie nie primêr iets individueels nie, maar gewoonlik gemeenskaplik van aard. Daarom maak dit aanspraak op algemene geldigheid. Dit is natuurlik om te aanvaar dat wat vir jouself reg of waar is, ook vir andere sal geld.

Die gevaar in hierdie geval is dat 'n mens kan dink dat alleen jou eie visie die finale, universele waarheid in pag het. Jy hoef dus nie meer 'n oop oog en oor vir ander visies en stemme "van buite" te hê nie. Dit impliseer egter 'n totale oorskatting van iets wat, as gevolg van ons verduisterde verstand, altyd gebrekkig, onvolmaak, onafgerond en onvoltooid sal bly. Die resultaat is 'n toe of 'n geslote lewensvisie of ideologie.

Selfs 'n Christelike lewensvisie wat op God se Woord gegrond is, is nie immuun teen verideologisering nie. Vanuit 'n mens se lewensvisie doen jy nie net eksegese (uitleg) nie, maar ook eisegese (inleg)! Die volgende gevaar is selfregverdiging.

### 5.2.3 Selfregverdiging van die invloed/mag van die eie groep

Ook in hierdie geval, word 'n waarheidselement skeefgetrek. 'n Lewensvisie skep vir mense 'n geordende wêreld waarin hulle veilig kan voel. Dié waarheid ontaard egter in dwaling wanneer dit lei tot isolasie, 'n na-binne-gerigtheid en geslotenheid van die lewensbeskoulike groep, 'n laer-trek-mentaliteit, en 'n beheptheid met die eie veiligheid en suiwerheid.

So 'n soort lewensvisie bots met Christene se roeping om tot seën vir ander te wees. Dit mag vir Christene nie net om hulself gaan nie, maar dit moet om diens aan ander gaan. Daarin was Christus dié voorbeeld. 'n Outentieke Christelike lewensvisie sal na buite gerig wees en nooit tevrede wees om die gevangene van die eie groep te wees nie. Hierdie na-buite-gerigtheid moet deur liefde en diensbaarheid gelei word en mag nie om die eie invloed of mag gaan nie.

### 5.2.4 Irrelevansie vir die hedendaagse kulturele konteks

Die element van waarheid hier is dat elke lewensvisie vir 'n bepaalde tyd en omstandighede bedoel is. Die gevaar is egter dat 'n lewensvisie opgesluit kan raak in die tydsomstandighede. Dit gebeur wanneer die ou visie net so in die nuwe omstandighede gekontinueer word. Die Christelike lewensvisie wat Abraham Kuyper meer as 'n eeu gelede as teenvoeter vir die modernistiese Westerse kultuur ontwikkel het, kan byvoorbeeld nie onveranderd toegepas word op 'n postmodernistiese of 'n nie-Westerse situasie nie.

'n Eietydse Christelike lewensvisie moet help om die unieke probleme van die hedendaagse kultuur te verstaan en alternatiewe daarop voor te stel. 'n Jongere generasie mag nie napraters van die lewensvisie van hulle voorgeslagte wees nie. Vroeëre formulerings van 'n

Christelike lewensvisie is nie waardeloos nie, maar moet herinterpreteer word om relevant te bly en nie in 'n dooie tradisie te verval nie.

### 5.2.5 Verlies aan Bybelse inspirasie en dinamiek

Voorstanders van 'n Reformatoriese lewensvisie is daarvan oortuig dat hulle holistiese lewensvisie teenoor allerlei dualistiese Christelike visies, die Bybelse boodskap korrek weergee. 'n Reformatoriese lewensvisie is een van diens aan God en die medemens op elke lewensterrein. Hierdie waarheidsmoment word in die vorm van gearriveerdheid 'n dwaling. Daarmee word bedoel dat dit nie meer nodig sou wees om die Woord van God te bestudeer nie, omdat jou lewensvisie reeds 100 persent die evangelieboodskap sou eggo.

Die gevaar is dus dat so 'n verabsoluteerde Christelike lewensvisie God se Woord die swye oplê in plaas van die omgekeerde. Om jou lewensvisie van stagnasie te bewaar, moet dit voortdurend deur God se openbaring ingelig, geïnspireer en gekorrigeer word. Indien die Skrif 'n mens nooit meer verbaas, verras, ontstel en self verwar nie, behoort jou lewensbeskoulike alarm af te gaan. Dieselfde gevaar dreig wanneer die Bybel net gebruik word as 'n kompendium van tydlose waarhede of morele lessies.

Die teengif teen sulke té maklike, eenvoudige antwoorde, is dat ons nie net moet *toelaat* nie, maar ook moet *verwag* dat God se openbaring ons lewensvisie sal opskerp en transformeer. Die manier waarop dit gebeur, is deur 'n daaglikse, ernstige, persoonlike en biddende worsteling met God se Woord.

Nóú hieraan verbonde is ook die volgende bedreiging:

### 5.2.6 Vervanging van 'n persoonlike verhouding met God

Die regte relasie is dat 'n mens se verhouding met God tot 'n Bybelse lewensvisie sal aanleiding gee, en ook die omgekeerde, naamlik dat 'n lewensvisie wat op God se Woord gegrond is, 'n mens ook nader aan God self sal bring.

Die gevaar is dat Reformatoriese denkers so oorentoesiasties oor hulle Christelike lewensvisie en die kulturele waarde daarvan raak, dat hulle vergeet wie se Naam hulle lewensvisie dra. Dit is rampspoedig om 'n Christelike lewensvisie met die verhouding tot God in Christus te verwar, of selfs in die plek van hierdie verhouding te stel (vgl. Clark, 1996). Die lewensvisie word dan 'n doel op sigself, 'n gevaarlike afgod. 'n Lewensvisie moet daarteenoor slegs 'n middel

wees om te groei in kennis en wysheid, om God daardeur met die hele hart, siel en verstand lief te hê (Matt. 22:37).

#### 5.2.7 Dié Christelike lewensvisie bestaan nie

Saamgevat kan gesê word dat ’n mens versigtig moet wees om jou visie as *dié* Christelike te beskou. Ebertz (2006) stel tereg dat ’n mens op geen enkele histories-geworde lewensvisie ’n etiket met “dié Christelike lewensvisie” mag plak nie. Dit mag nie gedoen word as erken word dat ons historiese wesens is wat oor beperkte en in-sonde-gevalle-kennis beskik nie. Volgens hom is so ’n etiket nie net misleidend nie, maar dit grens ook aan afgodery, want ’n ideologie is tog die verafgoding van ’n idee of visie. Dié Christelike lewensvisie word dan in die plek van God se Woord geplaas. Daarbenewens lei dit ook tot ’n negatiewe houding teenoor buitestanders en ’n onwilligheid om van ander, veral hulle wat nie ’n Christelike lewensvisie huldig nie, te leer.

Ebertz is reg met die voorbehoud dat ’n mens se verantwoordelikheid om vir homself die beste onder die verskillende Christelike lewensvisies te kies, hom nie ontneem mag word nie.

### 5.3 Voorkoming van die gevare

Een van die belangrikste maniere, indien nie dié belangrikste nie, waarop ’n mens aan bogenoemde gevare kan ontkom, is sekerlik dat dit voortdurend in die lig van die Skrif getoets word (vgl. 5.2.5 hierbo). Die Skrif moet nie net in die lig van ons lewensvisie gelees word nie, maar ons lewensvisie moet voortdurend in die lig van die Skrif gereformeer word. Dit is ’n moeiliker weg. Daarbenewens moet ons lewensvisie ook getoets word aan die werklikheid daarbuite – iets waarop nie nou ingegaan kan word nie.

Die probleem is dat die Bybel *self* volgens die postmodernisme ’n “groot verhaal” is wat totaliserend van aard is. Voorbeelde hiervan is die Ou Testament se patriargale samelewing en die baie gevalle waar die Israeliete met geweld teenoor ander volke optree.

#### 5.3.1 Die Bybel is anti-ideologies

In die geval van so ’n aanklag is dit voor die hand liggend om die Bybel self weer opnuut te bestudeer. In hierdie opsig het Middleton en Walsh (1995:85 e.v.) in die tweede gedeelte van hulle werk reeds waardevolle werk gelewer (vgl. ook Walsh, 2000b en Walsh *et al*., 1995:4-32).

Hulle ontdek nuwe elemente in die Skrif wat dalk te min of glad nie in die tradisionele Reformatoriese lewensvisie beklemtoon is nie, byvoorbeeld die hele vraagstuk van lyding. Maar hulle gevolgtrekking is dat die Woord van God beslis nie 'n totaliserende, gewelddadige of onderdrukkende boodskap verkondig nie. Dit is eerder vol teenideologiese, anti-totaliserende dimensies. Die Ou-Testamentiese geskiedenis van geweld is nie meer normatief vir vandag nie.

Veral twee van die dimensies word in besonderhede deur hulle in die Skrif nagegaan. Die eerste is dat die Skrif vanaf Genesis tot by die kruis van Christus en daarna groot sensitiwiteit vir lyding openbaar in plaas van om onderdrukking goed te praat. Die tweede is dat God se Woord groot bewoënheid vir sy hele skepping toon in plaas van eksklusief, eng en partydig te wees. Iets meer oor altwee hierdie belangrike fasette moet gesê word.

### 5.3.2 Die erkenning van lyding

Die Bybel probeer nie, soos ideologieë gewoonlik doen, lyding goedpraat, verberg of selfs ontken nie, maar “omarm” dit. Dit gebeur vanaf Genesis, in Eksodus waar God Hom ontferm oor die lyding van die Israeliete wat in Egipte onderdruk word, in die klaagpsalms, in die verlossing uit die Babiloniese ballingskap en in die profete se kritiek op onregverdige samelewingstrukture. Uiteindelik loop dit uit op die lydende Christus. Nie deur krag of geweld nie, maar deur liefde oorwin Hy lyding. Walsh (2000b:14) se konklusie is:

> ... this trajectory of pain and suffering serves to deligitimate any ideological use of the biblical story that will cause violence within any kind of exclusionary us/them polarities.

### 5.3.3 Die hele skepping en mensheid is betrokke

Die Skrif is duidelik ook nie ideologies partydig ten gunste van 'n sekere volk of groep en eksklusief teenoor ander nie. God kies wel vir Abraham en ná hom die volk Israel, maar met die uitdruklike veronderstelling dat hulle tot seën vir *alle* volke en nasies, dus vir die *hele* wêreld, sal wees. Daarom word hulle ook swaar gestraf toe hulle nie hierdie goddelike roeping wou uitvoer nie.

Walsh (2000b:14) sê tereg dat elke selfregverdigende poging om die evangelie van verlossing net vir jouself of jou eie groep toe te eien op 'n ernstige verdraaiing daarvan neerkom. Verlossing in Christus beteken tereg ook dat die ideologiese mure wat mense geneig is om tussen hulle te bou, afgebreek word (vgl. Kol. 3:11). Die evangelie

beteken dus allermins gewelddadige *uit*sluiting van sekere groepe, maar eerder liefdevolle *in*sluiting.

### 5.3.4 Die proef van die som

In die laaste instansie sal selfs ’n beklemtoning van die anti-ideologiese boodskap van die Woord van God nie ’n waarborg kan bied dat die Skrif nie vir ideologiese doeleindes gekoöpteer word nie. Wat Walsh in hierdie verband sê, moet ten slotte onderstreep word:

> Only the non-ideological, embracive, forgiving, and shalom-filled *life* of a dynamic Christian community formed by the story of Jesus will prove the Gospel to be true and render the alternatives fundamentally implausible. (Walsh, 2000b:16.)

In die finale instansie kan die relatiwistiese dwaling van die postmodernisme alleen deur ’n Christelike lewenswandel in gehoorsaamheid aan God se verordeninge as verkeerd bewys word. Aangesien ’n mens nie konsekwent postmodernisties kan *lewe* nie, is die evangelie van Jesus Christus juis die pad wat na die *lewe* lei.

## 6. Gevolgtrekking

In hierdie artikel is ’n lang pad afgelê sodat ’n vlugtige terugblik waardevol kan wees.

Met ’n historiese oorsig oor die ontwikkeling van die wetsidee in die Westerse denke vanaf die Grieke, is aangetoon hoe dit in die hedendaagse postmodernisme uiteindelik op radikale, maar terselfdertyd onhoudbare ontologiese en epistemologiese relativisme uitgeloop het. Daarmee is die eerste vraag beantwoord, naamlik waar die normatiewe relativisme van ons tyd vandaan kom.

Die tweede belangrike vraag was of ’n Christelike lewensvisie nie absolutisties is met al die onaangename gevolge daaraan verbonde nie. Trouens dit is wat die postmodernisme beweer die geval by alle lewensvisies is. Hierdie waarskuwing van die postmodernisme is in die tweede hoofdeel van hierdie artikel ernstig opgeneem, deur die gevaar van verideologisering wat ’n Christelike lewensvisie mag bedreig, te ondersoek. Indien ’n Christelike lewensvisie egter bereid is om voortdurend ernstig na God se openbaring in die skepping en in die Skrif te luister, kan sulke gevare verminder of oorkom word.

## Geraadpleegde bronne

BRIL, K.A. 1986. Westerse denkstrukturen: een probleemhistorisch onderzoek. Amsterdam: VU-Uitgeverij.

BRIL, K.A. 2005a. Vollenhoven's problem-historical method: introduction and explorations. Sioux Center: Dordt College Press.

BRIL, K.A. 2005b. Vollenhoven: de probleemhistorische methode en de geschiedenis van de wijsbegeerte. Amstelveen: De Zaak Haes.

BRIL, K.A., *red.* 2005c. Vollenhoven: wijsgerig woordenboek. Amstelveen: De Zaak Haes.

BRIL, K.A. & BOONSTRA, P.J. 2000. Vollenhoven: Schematische kaarten, filosofische concepties in probleemhistorisch verband. Amstelveen: De Zaak Haes.

CLARK, G. 1996. The nature of conversion: how the rhetoric of worldview philosophy can betray evangelicals. (*In* Philips, T.R. & Okholm, D., *eds.* The nature of conversion. Downers Grove: InterVarsity.)

CLOUSER, R. 2005. A critique of historicism. *Acta academica*, 2:1-20.

COLETTO, R. 2007. The legitimacy crisis of science in late-modern philsophy: towards a reformational response. Potchefstroom: North-West University. (D.Phil. dissertation.)

EBERTZ, R.P. 2006. Beyond worldview analysis; insights from Hans-Georg Gadamer on Christian scholarship. *Christian scholar's review*, 36(1):13-28.

FERNHOUT, H. 1997. Christian schooling: telling a worldview story. (*In* Lambert, I. & Mitchell, S., *eds.* The crumbling walls of certainty. Sydney: The centre for the study of Australian Christianity. p. 70-86.)

GOUDZWAARD, B., GEERTSEMA, H. & HEYNS, M.F. 1998. Wat is die postmodernisme? Potchefstroom: IRS. (Reeks F1, nr. 369, Sept.)

GRENZ, S.J. 1996. A primer in postmodernism. Grand Rapids: Eerdmans.

GRIFFIOEN, S. 1995. Creation order and transcendental philosophy. (*In* Walsh, B.J., Hart, H. & VanderVennen, R.E., *eds.* An ethos of compassion and the integrity of creation. Lanham: University Press of America. p. 49-56.)

GRIFFIOEN, S. 1998. Perspectives, worldviews and structures. (*In* Aay, H. & Griffioen, S. Geography and worldview: a Christian reconnaisance. Lanham: University Press of America. p. 125-144.)

HART, H. 1968. The challenge of our age. Toronto: The Association for the Advancement of Christian Studies.

HART, H. 1984. Understanding our world: an integral ontology. Lanham: University Press of America.

HART, H. 1995. Creation order in our philosophical tradition: critique and refinement. (*In* Walsh, B.J., Hart, H. & VanderVennen, R.E., *eds.* An ethos of compassion and the integrity of creation. Lanham: University Press of America. p. 67-96.)

HART, H. 2000. Notes on Dooyeweerd, reason and order. (*In* Strauss, D.F.M. & Botting, M., *eds.* Contemporary reflections on the philosophy of Herman Dooyeweerd. Lewiston: Edwin Mellen. p. 125-146.)

HEYNS, M.F. 2002. The transformation of the concept "self": with special reference to the work of Charles Taylor. Amsterdam: Free University. (D.Phil. dissertation.)

KLAPWIJK, J. 1970a. De absoluutheid van het Christendom en zijn historische en sociologische gebondenheid. *Gereformeerd theologisch tijdschrift*, 70(1):19-33.

KLAPWIJK, J. 1970b. Tussen historisme en relativisme: een studie over de dynamiek van het historisme in de wijsgerige ontwikkelingsgang van Ernst Troeltsch. Assen: Van Gorcum.

KLAPWIJK, J. 1976. Dialektiek der verligting: een verkenning van het neo-marxisme van de Frankfurter Schule. Assen: Van Gorcum.

KLAPWIJK, J. 1986. Oriëntatie in de nieuwe filosofie. Assen: Van Gorcum.

KOK, J.H. 1996. Patterns of the Western mind: a reformed Christian perspective. Potchefstroom: IRS. (Series F2, no. 64.)

MIDDLETON, J.R. & WALSH, B.J. 1995. Truth is stranger than it used to be: Biblical faith in a postmodern age. Downers Grove: InterVarsity.

NAUGLE, D.K. 2002. Worldview: the history of a concept. Grand Rapids: Eerdmans.

NAUGLE, D.K. 2007. Worldview: history, theology, implications. (*In* Bonzo, J.M. & Stevens, M. After worldview. Sioux Center: Dordt College Press. p. 5-16.)

NÜRNBERGER, J. 2007. The living dead and the living God. Pietermaritzburg: Cluster.

OLTHUIS, J.H. 1999. Dancing together in the wild spaces of love: postmodernism, psychology and the Spirit of God. *Journal of psychology and Christianity*, 16(2):140-152.

OLTHUIS, J.H. 2007. "Where there is love, there is vision": witnessing in/under/through worldviews. (*In* Bonzo, J.M. & Stevens, M. After worldview. Sioux Center: Dordt College Press. p. 46-54.)

REDEEMER UNIVERSITY COLLEGE. 2003. The cross and our calling. Ancaster: Redeemer University College communications media relations department.

SCHROTENBOER, P.G. 1994. Postscript. (*In* Van der Walt, B.J., Schrotenboer, P.G., *et al.* God's order for creation. Potchefstroom: Institute for Reformational Studies. p. 70-71.) (Series F1, no. 324, Dec.)

SEERVELD, C. 2007. The dangers of a Christian worldview. (*In* Bonzo, J.M. & Stevens, M. After worldview. Sioux Center: Dordt College Press. p. 31-45.)

SPYKMAN, G.J. 1994. Thoughts on "creation order". (*In* Van der Walt, B.J., Schrotenboer, P.G., *et al.* God's order for creation. Potchefstroom: Institute for Reformational Studies. p. 33-42.)

STRAUSS, D.F.M. 2005. Relativity and relativism: historical and systematic considerations. *Acta academica*, 2:199-231.

VAN DER WALT, B.J. 1990. Van Athene na Genève: kort oorsig oor die geskiedenis van die Wysbegeerte vanaf die Grieke tot die Reformasie. Potchefstroom: PU vir CHO (Dept. Sentrale Publikasies).

VAN DER WALT, B.J. 2003. An integral Biblical worldview. (*In* Van der Walt, B.J. Understanding and rebuilding Africa. Potchefstroom: The Institute for Contemporary Christianity in Africa. p. 512-552.)

VENTER, J.J. 2001. Early modern conceptions of "natural law". *Acta academica*, 33(2):1-39.

VENTER, J.J. 2002. "Nature", "law", "humanity" – the rise of positivism with reference to Quesnay, Turgot and Comte. *Acta academica*, 34(1):1-55.

WALSH, B.J. 2000a. Transformation: dynamic worldview on repressive ideology? Toronto: University of Toronto. (Unpublished paper.)

WALSH, B.J. 2000b. Regimes of truth and the rhetoric of deceit: Colossians 2 in a postmodern context. *Pro Rege*, 28(3):10-17.

WALSH, B.J., HART, H. & VANDERVENNEN, R.E., *eds*. 1995. An ethos of compassion and the integrity of creation. Lanham: University Press of America.

WOLTERS, A.M. 1989. The idea of worldview and its relation to philosophy. (*In* Marshall, P., Griffioen, S. & Mouw, R. Stained glass: worldviews in social science. Lanham: University Press of America. p. 14-25.)

WOLTERS, A.M. 1994. Creation order: a historical look at our heritage. (*In* Van der Walt, B.J., Schrotenboer, P.G. *et al.* God's order for creation. Potchefstroom: Institute for Reformational Studies. p. 42-61.) (Series F1, no. 324, Dec.)

WOLTERS, A.M. 1995. Creation order: a historical look at our heritage. (*In* Walsch, B.J., Hart, H. & VanderVennen, R.E., *eds.* The ethos of compassion and the integrity of creation. Lanham: University Press of America. p. 33-48.)

WOLTERS, A.M. 2007. Appropriating *Weltanschauung:* on Jerusalem's speaking the language of Athens. (*In* Bonzo, J.M. & Stevens, M., *eds.* After worldview. Sioux Center: Dordt College Press. p. 56-64.)

WOLTERSTORFF, N. 1995. Points of unease with the creation order tradition. (*In* Walsh, B.J., Hart, H. & VanderVennen, R.E., *eds.* An ethos of compassion and the integrity of creation. Lanham: University Press of America. p. 62-66.)

ZUIDEMA, S.U. 1971. Communication and confrontation: a philosophical appraisal and critique of modern society and contemporary thought. Kampen: Kok.

**Kernbegrippe:**

historisme
lewensvisie
normatiwiteit
postmodernisme
relatiwisme
subjektivisme

**Key concepts:**

historicism
normativity
postmodernism
relativism
subjectivism
worldview